Tema: God het ons uitgekies om in ŉ vreemde wêreld heilig te lewe.

Vooraf sang
Ps. 84-1: 1, 4
Ps. 112-2: 1, 2, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied en Votum Ps. 121-1: 1, 2 (reisigerspsalms)
Seën;
Loflied Ps. 107-1: 1, 2, 3
Geloofsbelydenis:12 Artikels Interaktief

Verootmoedigingsdiens
Sing Ps. 119-2: 1
Wet uit Eks. 20
Sing Ps. 119-2: 17, 18
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: 1 Petrus 1: 1 - 2 en 2: 11 - 12
Teks: 1 Petrus 1: 1 - 2
Sing Ps. 123-1: 1, 2
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir BnB (Christene wat wapengeweld gebruik op Moslems)
Sing Ps. 125-2: 1, 2, 3, 4 (Mel Sb 18 - 6)
Seën
Amenlied Sb. 13-3.

Geliefde brs. en srs. en liewe kinders

Voel dit vir jou ook asof ons wêreld toenemend ŉ vreemde plek word? Dit voel vir my asof ons wat in God glo en leef soos Hy dit wil, nie meer plek hier het nie. Almal praat en dink anders as ons. Waardes waaraan ons vashou, word deur die wêreld omgekeer en nuwe, vreemde en sondige waardes neem oor. Die morele verval word al hoe duideliker sigbaar en maak my ontuis voel hier.

Hierdie plakkaat is sprekend van die vreemde waardes wat deesdae geld! (Wys skyfie)
Alles is so verkeerd om. Ons stuur ruimtetuie die wêreld in met die hoop om ŉ enkele bewys van bakteriese lewe op ŉ ander planeet te vind, maar die hartklop van ŉ fetus word nie meer as lewe gesien nie en mag maar doodgemaak word. Pas die afgelope week het Hillary Clinton in ŉ toespraak gesê dat Christene hulle idee oor aborsie moet wysig om in lyn te kom met die wêreld se goedkeuring daarvan.

Die huwelik wat God ingestel het word nie meer as huwelik gesien nie en mense heg geen waarde meer daaraan nie! Seksualiteit as gawe binne die huwelik is in die oë van die wêreld belaglik! Elkeen kan seksueel doen wat hy of sy begeer – want solank ek doen wat vir my reg is, is dit moreel! Homoseksualiteit –ŉ saak wat nou weer hoog op ons land se agenda is, word bykans deur die hele wêreld as reg aanvaar terwyl enkele kerke en gelowiges nog vashou aan God se verbod daarteen.

Om te steel, geld te verduister en bedrog te pleeg is heeltemal aanvaarbaar en die eerlike mense wat die diewe uitwys word vervolg. Om te werk en vir jouself te sorg is nie meer die norm nie! Die norm is nou dat ander vir my moet sorg terwyl ek geen verantwoordelikheid dra nie en lekker wil lewe!

Laaste vb.: om God se wil te soek is in die oë van die wêreld lagwekkend – nee man, doen net wat jy wil – jy is jou eie god, jy maak jou eie reëls! God bestaan nie meer nie! Die kerk is uitgedien en mense dien nou hulle eie belange! Mense verlaat die kerk wêreldwyd in hulle duisende op soek na ŉ plek waar hulle hulself kan dien!

Brs. en srs., ek weet nie van julle nie, maar ek voel al hoe meer ontuis hier! Ons wêreld het ŉ vreemde plek geword waar die beginsels en waardes van God en Sy Woord en hoe ons glo, nie meer tel nie! Soveel so dat gelowiges ook nou God en sy Woord begin bevraagteken! Kan ons nog regtig glo wat die Here sê is reg! Moet ons nog daaraan vashou, is die vraag wat ŉ mens meer en meer onder gelowiges hoor!

Geliefdes, hierdie gevoel van vreemdelingskap kan ons verkeerd laat reageer! So bv. kan ons in ŉ laertrekmentaliteit verval. Dat ons kan sê: kom ons onttrek ons aan al die dinge, kom ons hou ons maar net in ons huise en in die kerk besig met wat God sê en laat die wêreld maar oor aan hulle dwaasheid! Kom ons praat nie meer met ander mense hieroor nie! As die kantoorpersoneel of vriende of familie hierdie wêreldse standpunte stel dan swyg ons maar liewer om die vrede te bewaar. Mense sal tog maar net lag vir my outydse sienswyses.

Brs. en srs., dit is nie lekker om so vreemd te wees aan jou leefwêreld nie! Dis nie lekker om te sien hoe dinge anders word as wat God beveel het nie! Dis nie lekker om te weet jy is in die minderheid en mense ag nie meer jou as gelowiges se opinie nie, maar lag eintlik daaroor!

Juis daarom wil die Here vanmore vir ons sê: Hy het ons uitgekies om in hierdie vreemde wêreld heilig te lewe.

Brs. en srs. die eerste saak wat ons vanmore moet besef is dat God ons vreemdelinge gemaak het. Die oomblik toe God ons as sy kinders uitgekies het – nog lank voor Hy die wêreld gemaak het – was en is ons vreemdelinge in ŉ sondige wêreld. Kinders van God leef anders as kinders van die bose. Dit moet nie vir ons vreemd wees dat ons ontuis hier voel nie! Want God het ons uitgekies, ons behoort aan Hom en nie aan hierdie wêreld nie. Sonder verdienste aan ons kant en alleen deur sy genade in Christus het God ons sy kinders gemaak! Ons is gekies – ons behoort aan God

Ons troos lê hierin dat ons identiteit in God lê en nie in die sondige wêreld nie. Ons is tuis by God! Hy het ons gekies as sy kinders en ons is tuis by Hom! Ons behoort aan Hom en om hierdie rede sal en moet ons meer en meer vreemd aan hierdie wêreld voel. Dit moet nie vir ons vreemd wees dat ons soos vreemdelinge voel nie!

Kinders, ŉ vreemdeling in die Bybel was iemand wat eintlik van ŉ ander land. Soos iemand van Engeland wat nou in Suid-Afrika woon. Daardie mense het nie regte gehad nie en kon nie aanspraak maak op hulp van die vreemde land waarin hy gewoon het nie. Hy moes teruggaan Engeland toe om hulp te kry!

Net so sê die Here is ons eintlik van ŉ ander land! Ons is burgers van God se koninkryk en ons is eintlik net op reis deur hierdie wêreld. Brs. en srs., ons mag en moet eintlik nie tuis voel hier nie, want dit is nie ons land nie! Ons is burgers van ŉ ander koninkryk!

Maar God het ons hierheen gestuur. Dit is die tweede belangrike saak vanmore.
Dit is opvallend dat die gelowiges aan wie Petrus sy brief rig, regtig op die uithoeke van Asië gewoon het! (Wys kaart) Die gebiede van Pontus en Bitinië is nie gebiede wat Paulus of Petrus ooit besoek het nie. Ons lees van hierdie gebiede in Handelinge 2,dat daar mense van hierdie streke die Pinkstergebeure gesien het en Petrus se toespraak gehoor het. Die gemeentes in hierdie afgeleë streke is dus deur gelowiges begin wat die Evangelie daarheen geneem het en nou skryf Petrus juis om hulle te bemoedig.

In Grieks word staan daar letterlik: hulle is “vreemdelinge in die verstrooiing”. Die “verstrooiing” was ŉ tegniese term waarmee daar verwys is na Christene wat in vreemde lande gaan woon het en daar die Evangelie verkondig het!
Net so, brs. en srs., is ons Christene in die verstrooiing. God het ons as’t ware in hierdie vreemde wêreld “gestrooi” soos sout om die verrotting teë te werk. Dit is ons taak terwyl ons hier woon! Ons sal vreemd wees net soos sout vreemd aan vleis is. Maar sout gee

aan vleis ŉ heerlike smaak en dit is ons taak om aan hierdie vreemde wêreld die smaak van God te gee.

Daarom kan ons ons nie onttrek en eenkant gaan sit nie. Al is dit hoe sleg om ontuis te wees in ŉ wêreld wat nie van ons hou nie – is dit ons taak om juis God se lig in hierdie wêreld te laat skyn. Al praat en dink al die mense anders as ons, ons moet dink en praat soos God ons in sy Woord leer sodat ons tot redding van die verlore mense kan optree. Ons moenie nou stilbly en ons maar net terugtrek in die kerk en in ons privaat lewe ons besig hou met God nie! Dan is ons nie sout nie! Ons moet getuig en vertel wat God se waardes en norme is.

Dit was en is God se plan van die begin af. Ons teks praat in Grieks van God se "voorkennis". Dit dui op God se plan met die wêreld. Dat Hy juis vir Hom gelowiges sou uitkies om midde in die sondige wêreld te woon sodat die sondaar van God kan hoor en hulle tot God bekeer!

Ons moet derdens ook oppas dat ons nie soos die wêreld word nie! Die Here Jesus het sy dissipels gewaarsku dat hulle sout nie laf moet word nie. Dit beteken dat die sout waardeloos geword het omdat die gelowiges soos die sondige wêreld begin dink en doen het. Die teenstand word nader so groot dat ons maar eerder saam met die stroom begin gaan en soos die wêreld doen.

Nee, ons moet vreemd bly! Juis daarom leer die Here ons in ons teksverse dat die Heilige Gees ons "geheilig" tot gehoorsaamheid. Die woord "heilig" dui juis daarop dat ons eenkant gesit is, afgesonder is, anders is. Daarom moet ons nie soos die wêreld dink en doen nie, maar soos God die Heilige Gees ons leer en lei. Ons moet aan God gehoorsaam bly, as dink en doen almal anders as ons! Ons moet besef dat ons die waarheid van die Woord van God ontvang het, juis as waarheid tot redding en daaraan moet ons vashou en dit moet ons vir ander vertel Of hulle glo of nie! Dit is God se saak! Ons verantwoordelikheid is om heilig te bly en te leef.

Hoe kry ons dit reg? Hoe kan ons in hierdie wêreld heilig leef! Want ons is "in Christus" geheilig. Ons is en word skoon gewas van ons sonde deur die bloed van Christus. Daarom praat Petrus van die besprenkeling met die bloed van Christus. Br. en sr., ek en jy kan net ons pad deur hierdie vreemde wêreld vind en ons kan net heilig lewe as ons elke dag ons deur die bloed van Christus laat besprinkel.

Dit beteken dat ons daagliks ons eie sonde moet besef en dit bely en daarteen veg. Dat ons daagliks ons gedagtes en denke moet reinig van dit wat die wêreld daarin sit om ons weg te rokkel van die waarheid. Die groot versoeking is om toe te gee aan die norme en waardes van die wêreld sodat ons tog net meer aanvaarbaar vir die wêreld kan wees. Nee, dit mag nie! Ons daagliks en doelbewus terugkeer na Christus as die Woord van God en die enigste vaste waarheid.
Sonder Christus is daar nie vir ons redding nie en sonder Hom is daar nie vir die verlore wêreld redding nie! Wie nie in sy bloed gewas word nie, kan nie deel van God se volk

word nie! Hy is die weg en die waarheid – niemand gaan na God die Vader, behalwe deur Hom nie. Dit is ons boodskap van redding!

Laastens geliefdes, moet ons perspektief behou op God se plan. Ons is op reis deur die vreemde wêreld en terwyl ons hier is, moet ons ons roeping vervul sodat almal wat gered moet word, deel van God se koninkryk kan word.

Maar ons is ook op pad na ons eie land! Daardie wêreld waar God vir ewig op sy troon sal regeer en ons vir ewig altyd tuis sal wees. Waar ons tuis sal wees en die sondige wêreld ontuis! Dan neem God die wêreld en Hy maak dit nuut sodat ons hier tuis sal wees en die sondaars ontuis. So ontuis dat God vir hulle ’n eie plek berei waar hulle sal wees naamlik die hel!

Geliefde vreemdelinge, skep moed! Moenie moed verloor as alles vir jou vreemd word nie! Moenie moet verloor as dit vir jou lyk jy hoort eintlik nie meer hier nie! Onthou – jy behoort aan God, jou lewe in sy ryk! Leef dan heilig en getrou soos ’n burger van God se koninkryk en bring en leef die boodskap van redding in Christus aan jou vreemde stukkie wêreld!

Hou moed en vertrou God se plan – eendag sal ons ten volle en heerlik tuis wees by Hom

Amen